SAKE 24 (Rapport)
29 Jan 2012, p.6

Vra voordat jy polis teken

Letitia Watson

Goeie makelaars is goud werd – vir kliënte én die maatskappye wat hulle verteenwoordig. Hulle kan 'n deurslaggewende rol speel in kliënte se finansiële welvaart en is aan die ander kant hul skakel met die diensverskaffer.

'n Betroubare makelaar

Onlangse navorsing deur die Discovery-groep wys dat regstreekse lewensversekering gemiddeld 9% meer kos as wanneer jy 'n makelaar gebruik.

Finansiëledienstegroepe se produkte, premies en diensvlakke verskil. 'n Makelaar se kennis van verskillende maatskappye en polisopsies kan jou help om die mees gepaste een te kies.

Dis belangrik dat die makelaar wel verskeie opsies gee en dat jy die mees gepaste een volgens jou omstandighede kies. Oorweeg ander faktore as net jou maandelikse premie, soos die mate van dekking wat jy kry, kliëntediens en bykomende voordele.

"Die beste manier om 'n goeie finansiële beplanner te vind, is waarskynlik deur 'n goeie aanbeveling. Laat kollegas, vriende en familie jou leiding gee. Kry iemand met wie hulle al geruime tyd sake doen en op wie hulle vertrou," sê me. Michelle Human, 'n senior regspesialis van Liberty Life.

Die makelaar moet 'n goeie begrip van mense se persoonlike behoeftes en finansiële doelstellings hê. Wie jy ook al oorweeg, maak seker die makelaar is by die Raad op Finansiële Dienste (RFD) geregistreer en gelisensieer.

Makelaars van 'n spesifieke diensverskaffer word as dié maatskappy se verteenwoordigers by die RFD geregistreer en jy kan sy status daar nagaan. Makelaars wat tot professionele liggame soos die vereniging van finansiële tussengangers van Suider-Afrika (FIA) behoort, moet aan etiese kodes voldoen en hulle word op die hoogte gehou van wetsveranderinge en bedryfsontwikkelinge.

Vrae:

Wanneer jy die makelaar ontmoet, moenie huiwer om vrae te vra nie – onthou dat jy hom betaal vir sy diens.

Vra hoe word betaling bereken – is dit kommissie of konsultasiegelde? Watter kwalifikasies het die makelaar en hoe lank werk hy al in die bedryf? By hoeveel finansiëledienseverskaffers is hy geaffilieer en, as hy onafhanklik is, watter maatskappye ondersteun hy en waarom?

Vra vir verskeie produkopsies.

"Moenie geïntimideer voel deur die proses nie. Ingevolge Fais moet hy in elk geval al dié inligting skriftelik openbaar maak," sê Human.

Waar kan jy kla

Gewoonlik moet jy eers jou klag skriftelik rig aan die betrokke diensverskaffer – die makelary of die finansiële maatskappy – sodat hulle dit intern kan ondersoek. As jy nie tevrede is met hul oplossing nie, kan jy by 'n beregter soos die langtermyn- of die Fais-ombudsman aanklop. In die algemeen kan jy by die RFD kla, die maatskappy waarmee die raadgewer verbind is of die organisasie waartoe hy behoort.

"Die beste manier om 'n goeie finansiële beplanner te vind, is deur 'n goeie aanbeveling.